



Die nuwe NHKA

Studente van die geskiedenis is lief om te stel dat ons net een les uit die geskiedenis kan leer en dit is dat niemand ooit die lesse van die geskiedenis leer nie. Dalk is die teendeel waar en dalk is daar mense wat streke uit die geskiedenis eggo, omdat dit toe gewerk het, of omdat hulle dink hulle is oorspronklik. Sommige voorbeelde uit die geskiedenis is inderdaad navolgenswaardig, terwyl ander laakbaar maar effektief is.

Die “niks nuut onder die son”- spreekwoord is ook duidelik sigbaar in die onlangse stryd wat daar was rondom die steeds Hervormers. Wat is daar om raak te sien? Die Konsilie van Trente (1545-1563) is die historiese voorbeeld wat ons nou van nader gaan beskou. Alhoewel dit pous Paulus III is wat die Konsilie byeen geroep het, sou drie opeenvolgende pouse in die 18 jaar se 25 byeenkomste as pous optree. Die Konsilie is byeen geroep om antwoorde te vind vir die uitdagings wat die Reformasie vir die Roomse kerk geskep het en dit het aanleiding gegee tot die Kontra-Reformasie wat as ‘n vorm van herlewing in die Roomse kerk verstaan kan word. Tydens hierdie Konsilie was daar aanvanklik ongeveer 40 – en teen die einde 255- kardinale per byeenkoms byeen. Vier areas van verandering was geïdentifiseer. Herstrukturering rondom sekere aspekte van kerkwees, godsdienstige ordes soos die Jesuïte, geestelike bewegings (‘n vorm van mistisisme wat ‘n geestelike verdieping bewerkstellig het in Roomse teologiese denke - wat vandag weer besig is om baie groeiplek in die Kerk te vind-) en politieke magsgrepe was alles deel van die antwoord wat geformuleer was en vir amper ‘n eeu deurgevoer is. Die pous het nooit self

deelgeneem nie, maar sy gesante het telkens seker gemaak dat **sy stem** gehoor en **sy wil** deurgevoer word. Daar is geen twyfel dat die pous se magsposisie veel beter was teen die einde van die Konsilie nie, veral ten opsigte van die besluite wat geneem is oor die posisie van die pous en die lojaliteit van priesters. Sekere besluite en gevolge van die Konsilie is vandag nog relevant.

Die Jesuïte orde is steeds ‘n magtige beweging binne die Roomse kerk. Die Konsilie se besluite was daarop gemik om die verskil tussen die Roomse standpunt en die Reformatore se standpunt duidelik uit te lig. Die besluite wat toe geneem is, geld vandag nog. Die pous het redelik onlangs gestel dat die Roomse kerk nie verander het nie. Die mees opvallende besluite wat reeds tydens die eerste sitting geneem is, het te make met genade, die Bybel en die sakramente.

Die Roomse kerk het gestel dat:

redding deur genade EN dade kom, dat die **Bybel EN tradisie** gesag het, dat daar **sewe sakramente** is en dat **net die brood by Nagmaal** aan lidmate gegee word.

Die Konsilie kon nie vinnig vorder nie; aangesien verskeie faktore ingespeel het. Die **belange van elke pous**, ‘n onwilligheid om **lonende praktyke** te staak en ‘n simpatie vir die Reformatoriese standpunt is van die redes wat aangevoer word. Die simpatie vir die Reformatoriese standpunt het daartoe gelei dat daar tydens die tweede sitting Reformatore teenwoordig was.

Die simpatie vir die Reformatore was volgens die pous ‘n hindernis en ‘n taktiek moes bewimpel word om daardie monde stil te maak. Flukse vordering was slegs

moontlik nadat daar onder andere begin is om sekere standpunte te **vervloek** (anathema).

So byvoorbeeld is enige klem op **genade alleen**, tydens die sesde sessie tot “**anathema**” verklaar.

So terloops, al die vloeke van die Trent Konsilie is nooit herroep nie. Enige persoon wat vandag glo dat jy deur genade alleen gered kan word of glo dat die Bybel uit 66 boeke bestaan (die Roomse kerk sluit sekere Apokriewe boeke –dit is boeke wat nie in die Bybel voorkom nie- in by hulle kanon), is volgens Roomse teologie ‘n vervloekte.

Die pous het ook die Konsilie gelaai met Italiaanse kardinale wat alle dank en lojaliteit aan hom verskuldig was. Daar is toe besluit dat die stemmery individueel sou plaasvind en nie volgens blokke nie. Daar is met ander woorde geknoei met die stemmery todat die pousparty ‘n meerderheid gehad het.

Dit klink soos die tydperk na 2010.

Die NHKA se amptelike reaksie op die Beswaardes en veral die steedsHervormers is ‘n klassieke navolg van Trente se gebeure.

Die oormatige klem op ‘n “demokratiese” meerderheid is opvallend.

Die feit dat daar by die 69e AKV meer predikante as ouderlinge was, is nie in lyn met die presbiteraal-sinodale sisteem waarop die NHKA vantevore geroem het nie.

Daar was meer predikante wat lojaal en dankbaar teenoor die Kommissie en die dosente is as ooit tevore. Geen wonder die NHKA het 54/69 aanvaar nie.

Die hardhandige hantering van die Beswaardes was ‘n skande. Die leser moet net onthou die Kommissie was toe nog nie vas oortuig van hulle magsposisie nie. Die onlangse robuuste opheffing van onder andere ampsvoorregte van proff van der Westhuizen en Pont dui op ‘n Kommissie wat nou in ‘n magtige loopgraaf vasstaan en

hardhandigheid verruil het vir die ystervuis van onverbiddelikheid.

Daar is vandag nog mense agter die skerms wat deur hul gesante seker maak dat hulle programme tot uitvoer gebring word. Die vraag kan met reg gestel word of byvoorbeeld die planne wat ene Johan Buitendag (Die man wat WARC gesmeek het om hom te help om van die regtervlerkers ontslae te raak) bekend gestel het, nie nou werklik tot uitvoer kom nie.

Die besluit by die 70e AKV om almal uit te jaag wat steedsHervormers ondersteun (so skokkend as wat dit is), of wat die Staat van Belydenis geteken het, is algemene kennis. Wat is dit anders as om “**anathema**” uit te roep oor die stemme van teenstand bied teen die nuwe teologiese rigting van die NHKA en wat as remskoene ervaar word? Die skrywes van die Kommissie is deurspek van bewerings dat enige stem van teenstand ‘n **dislojale** stem is. Enige besluit geneem teen die wil van die magshebbers in, word tot onkerkordelike besluit (anathema) verklaar.

Dit is veral die vrees wat by baie leef, wat herinner aan Trente: Vrees dat jy van die amp onthef sal word, vrees dat jou gratifikasie weggeneem sal word. Vrees dat jou lidmaatskap opgehef sal word, of dat jy nie meer deel van die eens magtige instituut sal wees nie. Wat vrees jy, God of ‘n menslike instituut/ instelling?